basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V1

## NOVEMBER 2023

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 39 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND) (90 minute)**

**Beantwoord AFDELING A op die VRAESTEL.**

**Beantwoord VRAAG 1**
**EN VRAAG 2.1 OF 2.2**
**EN VRAAG 3.1 OF 3.2**
**EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

**VRAAG 1 (25 minute)**

1.1 Voeg die korrekte tydmaatteken by elke asterisk (*) soos hieronder aangedui.

**Antwoord:**



*1 + 1* (2)

1.2 Voltooi 'n majeur drieklank in noue ligging bokant die gegewe grondnoot.

**Antwoord:**




*1 punt*
*Geen ½ punte* (1)

1.3 Skryf 'n verminderde drieklank in eerste omkering wat diatonies in die D harmoniese mineurtoonleer verskyn. Gebruik toevallige tekens in plaas van 'n toonsoortteken.

**Antwoord:**



**OF**



*1 punt*
*Enige nootwaarde en oktaafplasing is aanvaarbaar* (1)

1.4 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.





1.4.1 Benoem die omkering van die interval by (M) volgens tipe en afstand.

**Antwoord:** Mineur 3de

*1 punt*
*Geen ½ punte* (1)

1.4.2 Skryf die interval by (N) as 'n saamgestelde verminderde 5de. Gebruik heelnote.

**Antwoord:**



*1 punt*
*Geen ½ punte* (1)

1.4.3 Noem EEN artikulasieteken wat in hierdie uittreksel gebruik word.

**Antwoord:** Staccato/Legato/`Slur'/Legatoboog/Mezzo-staccato

*Enige EEN* (1)

1.4.4 Gee die Italiaanse term vir die teken bokant die laaste noot.

**Antwoord:** Fermata

*1 punt* (1)


1.5 Skryf die toonlere hieronder volgens die gegewe instruksies:

1.5.1 'n Afgaande blues-toonleer wat op die gegewe noot begin.

**Antwoord:**



**OF**



*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte* (2)

1.5.2 Voltooi 'n majeurtoonleer wat op die dominant begin en eindig deur die ontbrekende note onder die asteriske (*) in te vul. Moet NIE 'n toonsoortteken gebruik NIE.

**Antwoord:**



*½ punt per noot* (3)

1.6 Voltooi die volgende afgaande chromatiese toonleer:

**Antwoord:**



**OF**



*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte*
*'n Maksimum van twee note per letternaam*
*Enige korrekte enharmoniese note is aanvaarbaar* (2)


**[15]**

**VRAAG 2** **(25 minute)**

**Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.**

2.1 Voltooi die aanvang hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek- en artikulasie-aanduidings op geskikte plekke by.


**Konsep-antwoord:** Instrument: Saksofoon/Klarinet/Fluit/Trompet/Viool, ens.
Tempo: Moderato/Allegretto, ens.




**OF**

2.2 Voltooi die aanvang hieronder in solfanotasie OF in balknotasie om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir stem te vorm. Noem die stemtipe en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek-aanduidings op geskikte plekke by. Moet NIE lirieke byvoeg NIE. Gebruik slegs EEN notasiestelsel.

**Konsep-antwoord:** Stemtipe: Sopraan/Alt/Tenoor/Bariton
Tempo: Moderato/Allegretto, ens.




Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

<table>
<tr><th>BESKRYWING</th><th colspan="3">PUNTETOEKENNING</th></tr>
<tr><td>Vorm en kadenspunte</td><td colspan="2">1 punt per frase x 3</td><td>3</td></tr>
<tr><td>Korrektheid<br>Solfanotasie:<br>ritmiese en toonhoogte-aanduidings<br>Balknotasie:<br>polse per maat, nootstele, groepering, spasiëring en toevallige tekens</td><td colspan="2">Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte</td><td>2</td></tr>
<tr><td rowspan="4">Kwaliteit<br>Toepaslikheid van instrument (omvang), tempo, voordragaanwysings (artikulasie, dinamiek), musikaliteit</td><td>9–10</td><td>Uitstekend<br>Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; aanvangsmotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van toonsoort; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en ritme</td><td rowspan="4">10</td></tr>
<tr><td>7–8</td><td>Goed<br>Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele toonsoort; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogtes en ritme akkuraat</td></tr>
<tr><td>4–6</td><td>Gemiddeld<br>Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik; aanvangsmotief nie goed gebruik nie; toonsoort onstabiel; melodiese kontoer onder verdenking; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos</td></tr>
<tr><td>0–3</td><td>Swak<br>Geen musikale sin; geen sin vir frasering nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen sin vir toonsoort; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme onsamehangend</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td colspan="2">Nasieners mag ½ punte gebruik</td><td>15</td></tr>
</table>

**[15]**

**VRAAG 3** **(10 minute)**

**Beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**Antwoord:**



3.1.1 Besyfer die akkoorde by (a) tot (g) op die partituur met gebruik van Romeinse syfers, bv. $vii^{o6}$/$vii^{o}$b.

**Antwoord:** Sien partituur

| |
|---|
| *1 punt per akkoord = 7 punte* |
| *Minus ½ punt indien omkering of $7^{de}$ weggelaat of foutief is* |

(7)

3.1.2 Benoem die kadens wat by (Z) gevorm word en besyfer die akkoorde op die partituur.

**Antwoord:**
Onderbroke kadens
V - vi

| | |
|---|---|
| *Kadens* | *= 1 punt* |
| *Akkoorde* | *= 2 punte* |

(3)

3.1.3 Lewer kommentaar op die baslyn in maat 1 tot $3^3$.

**Antwoord:**
- Dit skep 'n pedaalpunt (op die tonikanoot, $E^b$)
- Die basnoot $E^b$ herhaal terwyl die harmonie verander

| |
|---|
| *Enige EEN* |
| *Slegs 'herhaal' = ½ punt* |

(1)

3.1.4 Noem die tipe nie-harmoniese note by (i) tot (iv).

**Antwoord:**
(i) Vooruitneming
(ii) Deurgangsnoot
(iii) (Onderste) Wisselnoot
(iv) Terughouding

*4 x 1* (4)
**[15]**

**OF**

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**Antwoord:**



3.2.1 Identifiseer die akkoorde by (a) tot (g). Skryf die akkoordsimbole in die spasies wat daarvoor verskaf is, bokant die notebalke, bv. G/B.

**Antwoord:** Sien partituur

| *1 punt per akkoord = 7 punte*<br>*Minus ½ punt indien omkering of 7$^{de}$ weggelaat of foutief is* |
|---|

(7)

3.2.2 Benoem die kadens wat by (Z) gevorm word en skryf die akkoordsimbole by (m) en (n).

**Antwoord:**
Onderbroke kadens
$C^7$ – Dm

| *Kadens* | *= 1 punt* |
|---|---|
| *Akkoorde* | *= 2 punte* |

(3)

3.2.3 Lewer kommentaar op die gebruik van die $E^b$ in maat 8.

**Antwoord:**
- Dit skep 'n opmaat tot die volgende maat wat op 'n $E^b$ akkoord gebaseer is
- Dit antisipeer die $E^b$ akkoord wat in maat 9 volg
- Dit behoort nie aan die $B^b$ majeur akkoord in maat 8 nie
- Dit skep 'n $B^b$sus-akkoord

| *Enige EEN*<br>*Slegs ' nie-harmoniese noot' = ½ punt* |
|---|

(1)

3.2.4 Noem die tipe nie-harmoniese note by (i) tot (iv).

**Antwoord:** (i) Vooruitneming
(ii) Deurgangsnoot
(iii) (Onderste) Wisselnoot
(iv) Terughouding

| *4 x 1* |
|---|

(4)
**[15]**

**VRAAG 4** **(30 minute)**

**Beantwoord VRAAG 4.1 OF VRAAG 4.2.**

4.1 Voltooi die vokale vierstemmige harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg. Harmoniseer in kwartnote (gebruik 'n halfnoot in maat 4) en demonstreer die volgende:

- Deurgaande tweede-omkering-($^6_4$) progressie (3)
- Kadensiële tweede-omkering-($^6_4$) progressie (2)
- Onderbroke kadens (2)
- Dominantsewende-akkoord (1)

**Konsep-antwoord:**




Die harmonisering sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | |
|---|---|---|
| **Akkoordkeuse** | | **15** |
| **Notasie en stemvoering** | *Aantal foute ÷ 4 tot 'n maksimum van 8 punte* | **8** |
| **Kwaliteit** | *Geheelindruk en kreatiwiteit* | **7** |
| *Nota aan die nasiener: Punt uit 30 moet nie 'n ½ punt bevat nie* | | **(30 ÷ 2)** |
| **TOTAAL** | | **15** |

**[15]**

*Kandidate moet krediet kry vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisering wat nie in hierdie nasienriglyne vervat is nie. Besyfering dien as 'n riglyn vir die nasiener, maar geen punte word vir die simbole as sodanig toegeken nie.*

**OF**

4.2 Voltooi die sestienmaatstuk hieronder deur toepaslike harmoniese materiaal by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 gesuggereer word. Sluit die volgende in:

- Harmoniese realisering van die gegewe akkoordsimbole (4)
- ii – V – I-progressie in D (3)
- Ten minste EEN "sus-akkoord" (akkoord met terughouding) (1)
- 'n 13de-akkoord (1)

**Konsepantwoord:**



Die antwoord sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | |
|---|---|---|
| **Akkoordkeuse** | | **15** |
| **Notasie en stemvoering** | *Aantal foute ÷ 4 tot ‘n maksimum van 8 punte* | **8** |
| **Kwaliteit** | *Geheelindruk en kreatiwiteit* | **7** |
| *Nota aan die nasiener: Punt uit 30 moet nie 'n ½ punt bevat nie* | | **(30 ÷ 2)** |
| **TOTAAL** | | **15** |

**[15]**

*Kandidate moet krediet kry vir ’n ander/kreatiewe en korrekte akkoordsimbole wat nie in hierdie nasienriglyne vervat is nie. Akkoordsimbole dien as ’n riglyn vir die nasiener, maar geen punte word vir die simbole as sodanig toegeken nie.*

**TOTAAL AFDELING A: 60**

**AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (90 minute)**

**AFDELING B, C, D en E moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.**

**AFDELING B: MUSIEKBEDRYF (VERPLIGTEND)**

*Nota aan die nasiener: Een punt word toegeken vir elke korrekte feit. Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte feit wat nie in hierdie nasienriglyne vervat is nie.*

**VRAAG 5**

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.5) neer, bv. 5.1.6 E.

5.1.1 Partye wat baat vind by naaldtydregte is …

**Antwoord:** D Al die bogenoemde *1 punt* (1)

5.1.2 Watter van die volgende is NIE 'n funksie van SAMRO NIE?

**Antwoord:** C SAMRO reël begrafnisse vir sy lede *1 punt* (1)

5.1.3 Tantieme …

**Antwoord:** D Al die bogenoemde *1 punt* (1)

5.1.4 SAMPRA bestuur …

**Antwoord:** D Naaldtydregte *1 punt* (1)

5.1.5 'n Lisensiefooi is NIE betaalbaar wanneer agtergrondmusiek by … gespeel word nie.

**Antwoord:** D Private wonings *1 punt* (1)

*5 x 1 = 5*

5.2 Noem VIER stappe in die waardeketting voordat 'n instrumentale musiekstuk versprei word.

**Antwoord:**
- Konseptualiseer 'n musiekidee
- Komponeer die musiekstuk
- Kontrakteer 'n uitgewer
- Verwerking van partye
- Opname van die uitvoering
- Registreer by 'n musiekregte-organisasie

**Opsionele antwoorde:**
- Die stuk word neergeskryf
- Openbare uitvoering

*4 x ½* (2)

5.3 Verduidelik die verskil tussen lede van CAPASSO met dié van 'n opnamemaatskappy, bv. EMI.

**Antwoord:**

- CAPASSO-lede is komponiste, outeurs en vervaardigers van musiek terwyl
- lede van 'n opnamemaatskappy uitvoerende kunstenaars is

*EEN ooreenstemmende feit* (1)

5.4 Noem TWEE eksklusiewe regte wat kopieregeienaars oor hul eie werke besit.

**Antwoord:**

Kopieregeienaarskap van 'n werk stel die eienaars in staat om:

- Die oorspronklike werk te herproduseer en kopieë te maak
- Die werk te publiseer
- Die werk te verwerk/aan te pas
- Die werk te versprei
- Die werk in die openbaar uit te voer
- Die werk uit te saai/te stroom
- Die werk uit te stal

*Enige TWEE* (2)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**Beantwoord AFDELING C (IAM)**
**OF AFDELING D (JAZZ)**
**OF AFDELING E (WKM).**

## AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

| |
|---|
| *Nota aan die nasiener: Alhoewel hierdie nasienriglyne puntsgewys is, mag die kandidate die vrae in volsinne beantwoord.* |

### VRAAG 6

6.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.5) neer, bv. 6.1.6 E.

6.1.1 Watter EEN van die volgende instrumente kan terselfdertyd twee of meer verskillende note produseer?

**Antwoord:** D Mbira *1 punt* (1)

6.1.2 Met watter EEN van die volgende items word maskanda geassosieer?

**Antwoord:** A Amahubo *1 punt* (1)

6.1.3 Watter stelling definieer poliritme die beste?

**Antwoord:** A Die gelyktydige kombinasie van kontrasterende ritmes *1 punt* (1)

6.1.4 Homofonie is 'n element wat met … geassosieer word.

**Antwoord:** B Tekstuur *1 punt* (1)

6.1.5 Watter toonleer word tipies in inheemse Afrika-musiek gebruik?

**Antwoord:** A Pentatoniese toonleer *1 punt* (1)

*5 x 1 = 5*

6.2 Definieer die volgende terme:

**Antwoord:**

6.2.1 **Amantombazane in maskanda**
- 'n Kitaarstyl waar die vingers van die regterhand, hoofsaaklik die voorvinger, 'n melodie op die boonste snare pluk (1)

6.2.2 **Malombo-musiek**
- 'n Jazz-styl met Bapedi- en vhaVenda-musiek invloede, waarin die malombo-tromme 'n inherente rol speel (1)

6.2.3 **Krepitasie**
- Dit is 'n vokale klank wat gebruik word om opwinding of bevestiging gedurende 'n uitvoering uit te druk, bv. diereklanke, gebrom, ens. (1)

*3 x 1 = 3*

6.3 Kies TWEE terme uit die lys hieronder wat Spokes Mashiyane se *Banana Ba Rustenburg* die beste beskryf:

**Antwoord:** Kwêla
Swing

2 punte (2)

6.4 Beskryf die eienskappe van EEN van die danse hieronder. Skryf die naam van die dans neer. Verwys na die volgende: kulturele oorsprong, dansbeskrywing, konteks en die naam van 'n instrument.

6.4.1 Tshikona
6.4.2 Borankana
6.4.3 Muchongolo
6.4.4 Mohobelo
6.4.5 Isitshikitsha
6.4.6 Indlamu
6.4.7 Dinaka
6.4.8 Sibhaca

**Antwoord:**

| **DANS** | **DANSEIENSKAPPE** |
|---|---|
| 6.4.1 Tshikona | **Kulturele oorsprong**<br>• vhaVenda<br>**Beskrywing**<br>• Mans dans in 'n kringvormige formasie vanaf die middel van die area en beweeg uitwaarts<br>**Konteks**<br>• Word uitgevoer tydens belangrike geleenthede soos die inhuldiging of afsterwe van 'n koning<br>**Instrumente**<br>• Nanga<br>• Ngoma<br>• Thungwa<br>• Murumba |
| 6.4.2 Borankana | **Kulturele oorsprong**<br>• Batswana<br>**Beskrywing**<br>• Mans doen vinnige ritmiese danstreë met hul arms wat die horings van 'n koei naboots<br>**Konteks**<br>• Histories slegs tydens stamaktiwiteite uitgevoer<br>• Setapa vir seuns wat die diphatisi dans<br>• Setapa word deur die ouer mans tydens bruilofseremonies gedans |

| | |
|---|---|
| | **Instrumente**<br>• Phala<br>• Matlawana<br>• Handeklap |
| 6.4.3 Muchongolo | **Kulturele oorspring**<br>• vaTsonga<br>**Beskrywing**<br>• 'n Mansdans waartydens dansers hul voete hoog lig en stamp (ku chongolo) terwyl hulle in een posisie bly staan en vroue die tromme speel<br>**Konteks**<br>• 'n Oorlogdans- of -liedstyl wat vir die inhuldiging van 'n koning gebruik word<br>**Instrumente**<br>• Xighubu<br>• Fayi<br>• Ncomone<br>• Xitiringo<br>• Xitende<br>• Mohambi<br>• Stem |
| 6.4.4 Mohobelo | **Kulturele oorsprong**<br>• Basotho<br>**Beskrywing**<br>• 'n Mansdans waartydens dansers lang treë gee, gly en voete stamp terwyl hulle versierde stokke rondswaai<br>**Konteks**<br>• Histories gebruik om krygers aan te moedig<br>**Instrumente**<br>• Sang<br>• Tromme |
| 6.4.5 Isitshikitsa | **Kulturele oorsprong**<br>• amaNdebele<br>**Beskrywing**<br>• Oorpronklik 'n vrouedans waartydens die voete gelig en gestamp word as hoofkenmerk<br>**Konteks**<br>• 'n Seremoniële dans wat histories vir die koning se genot en vir die reënmaak-seremonie (injelele) gedans is<br>**Instrumente**<br>• Sang<br>• Handeklap<br>• Gefluit |

| | |
|---|---|
| 6.4.6 Indlamu | **Kulturele oorsprong**<br>• amaZulu<br>**Beskrywing**<br>• Oorspronklik 'n mansoorlogdans waartydens die dansers in een lyn staan met 'n leier (igosa) voor; isizingili gebruik minder voetstampe maar meer treë en skoppe terwyl isikhuze van harder voetstampe gebruik maak<br>**Konteks**<br>• Histories ‘n oorlogdans hoewel dit vandag vir vermaak gebruik word<br>**Instrumente**<br>• Isigubhu |
| 6.4.7 Dinaka | **Kulturele oorsprong**<br>• Bapedi<br>**Beskrywing**<br>• Word deur tot en met twintig mans gedans terwyl hulle blaasinstrumente speel (waar elkeen slegs een noot speel) en ‘kilts’ dra wat hulle energiek tydens 'n uitvoering rondswaai<br>**Konteks**<br>• 'n Dans wat oorspronklik deur krygers uitgevoer is ná suksesvolle veldslae, maar word vandag vir sosiale en stamseremonies gebruik<br>**Instrumente**<br>**Tromseksie**<br>• Kiba<br>• Kaedišo<br>• Dothopana<br>**Riet/Houtblaasseksie**<br>• Phalola<br>• Phalolana<br>• Kgomo<br>• Kgongwana<br>• Sereko<br>• Phetudi<br>• Teledi<br>**Horingseksie**<br>• Letsie<br>• Phalafala |

| | |
|---|---|
| 6.4.8 Sibhaca | **Kulturele oorsprong**<br>• amaXhosa<br>**Beskrywing**<br>• 'n Mansdans met sterk amaZulu invloede waartydens die dansers hul bene na die onderarm swaai gevolg deur voetstampe in gelid<br>**Konteks**<br>• 'n Dans ontwikkel deur trekarbeiders wat vir vermaak bedoel is<br>**Instrumente**<br>• Isighubu<br>• Impempe<br>• Handeklap<br>• Sang |

*4 x 1* (4)

6.5 Verduidelik die geestelike rol van musiek by Afrika-seremonies.

**Antwoord:**
- Musiek dien as kommunikasiemiddel met die voorvadergeeste
- Sommige liedere bring 'n geestesvervoering mee wanneer 'n gees die liggaam binnedring
- Musiek bring die gemeenskap bymekaar deur die versterking van waardes en gelowe
- Spesifieke liedjies word met 'n spesifieke seremonie verbind, bv. dikoma/umtshilo/domba wat slegs gedurende inisiasie gesing word

*Enige DRIE* (3)

6.6 Kies 'n kenmerk van kwêla in KOLOM B wat by die element in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (6.6.1 tot 6.6.3) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 6.6.4 H.

**Antwoord:**

| | |
|---|---|
| 6.6.1 | D |
| 6.6.2 | A |
| 6.6.3 | F |

*3 x 1* (3)
**[20]**

**VRAAG 7**

Verduidelik hoe TWEE van die volgende elemente van musiek in Afrika-musiek gebruik word:

- Harmonie
- Melodie
- Ritme

**Antwoord:**
**Harmonie**
- Vierstemmige harmonie met primêre akkoorde
- SATB/TTBB in koorwerke
- Parallelle akkoordbeweging

**Melodie**
- Siklies, hoogs herhalend, met verskeie intredes met tye
- Roep en antwoord
- Vokale musiek bevat gewoonlik twee kontrasterende partye om 'n roep en antwoord effek te skep wat soos volg uitgevoer kan word:
  - 'n solis met 'n koor wat antwoord
  - 'n duet waar een sanger die leiding neem of sangers mekaar afwissel
  - 'n ineengevlegte metode waar een sanger 'n melodielyn of enkelnote op 'n spesifieke plek byvoeg
- Melodieë vorm polifoniese teksture om die ritmiese belang te versterk
- Nuwe melodieë word oor die oorspronklike geïmproviseer (met tye dra dit by tot 'n polifoniese tekstuur)
- Melodielyne hou verband met tonale infleksies in gesproke taal en die melodie volg die klank van die gesproke dialek – die woordtoon dui aan watter noot die sanger moet kies

**Ritme**
- In tradisionele Afrika-musiek kan die maatslag/metrum reëlmatig of onreëlmatig wees, maar moderne Afrika-musiek bevat meestal 'n reëlmatige maatslag
- Afrika-musiek verander selde van tempo
- Meloritme word uitgebreid gebruik
- Ritme kan afgelei word van gesproke teks
- Poliritme is die resultaat van (ritmiese) lae en hou grootliks verband met die danse
- Die byvoeging van gefluit, ululasie, handeklap en voetstampe dra by tot die ritmiese voortstuwing

*Maksimum van DRIE punte per item* **[5]**

**VRAAG 8**

8.1 Beskryf TWEE voorvertoningrituele in isicathamiya.

**Antwoord:**
- Terwyl hulle agter die verhoog wag, bid die groeplede in 'n sirkel
- Die toonsoort van die eerste liedjie word deur die groepleier gegee en die hele groep neurie die toonsoort met hul hoofde gebuig
- Die groep staan in 'n halfsirkel op die verhoog met die groepleier vooraan, voordat hulle met die uitvoering begin

*Enige TWEE* (2)

8.2 Kies DRIE van die volgende komponente en verduidelik die amaZulu kulturele gebruike wat met ELK in isicathamiya geassosieer word:

- Toonhoogte
- Ritme
- Komposisie
- Uitvoertegnieke

**Antwoord:**

| | **KULTURELE GEBRUIKE** |
|---|---|
| **Toonhoogte** | • Die proses om 'n geskikte toonhoogte vir 'n uitvoering te vind, kan vergelyk word met die saambuig van die horings van 'n bul. Dit word gedemonstreer in die voorvertoningsrituele wanneer die toonhoogte deur die groep met gebuigde hoofde geneurie word<br>• Die saambuig van die bul se horings (izimpondo zenkomo) word geassosieer met eensgesindheid/harmonie en krag |
| **Ritme** | • Om ritme te skep, word as ukubasa (vuurmaak) beskryf<br>o Iziko (vuurherd) is baie belangrik en word in die middel van 'n tradisionele Zulu hut gevind<br>o Op dieselfde manier dat vuur simbolies is van lewe, is ritme die hart van musiek |
| **Komposisie** | • Geloof in die gesegde dat 'umuntu ngu muntu ngabantu', bv. wanneer 'n hut gebou word kom die lede van die gemeenskap bymekaar om te help;<br>o Die komposisie van 'n lied word gedeel soos wanneer 'n hut gebou word (ukwakha)<br>o Die komponis verskaf sy aandeel in die komposisieproses (indlela) en die res van die groep lewer hulle bydraes (izigqi)<br>• Sommige van die liedere word geïnspireer deur drome van liedere wat deur die voorvaders oorgedra word |
| **Uitvoer-tegnieke** | • Geloof in diere wat met krag en mag geassosieer word, word simbolies uitgebeeld, bv. in krepitasies wat dieregeluide naboots |

*3 punte* (3)
**[5]**

## VRAAG 9

Die volgende uittreksel is 'n tipiese maskanda-lied:




9.1 Identifiseer die kunstenaar van die uittreksel hierbo.

**Antwoord:**
Inkunz' Emdaka *1 punt* (1)

9.2 Bespreek die rol van die agtergrondsangers soos dit in maskanda-musiek gebruik word.

**Antwoord:**
- Agtergrondsangers is 'n essensiële element in maskanda-musiek
- Hulle bepaal die toon en gemoedstemming
- Agtergrondsangers doen “ukuvuma ingoma” (om saam te sing in ooreenstemming met wat die hoofsanger sing)
- Hulle is noodsaaklik in die algehele verwerking van die maskanda-liedjie
- Hulle moet deeglike kennis van musiekkonsepte bekom om sodoende die nodige ritmiese voortstuwing en harmoniese ondersteuning te verskaf
- Die agtergrondsangers dien ook as die orkes se dansers

*Enige VIER* (4)
**[5]**

**VRAAG 10**

Mbaqanga is 'n musiekstyl wat ontwikkel het as gevolg van veranderinge in die politieke, sosiale en kulturele klimaat.

Brei hierdie stelling uit en bespreek hoe hierdie veranderinge die ontwikkeling van mbaqanga beïnvloed het. Verwys na die politieke, sosiale en kulturele agtergrond sowel as die relevante musiekinvloede. Noem EEN kunstenaar/orkes en EEN liedjie.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

**Antwoord**:

**Voorbeeld van 'n inleiding**
Suid-Afrika se onstuimige geskiedenis het 'n smeltpot van Europese en inheemse musiekinvloede tot gevolg gehad. Kolonisasie en verstedeliking het die tradisionele manier van lewe sowel as styl van musiekmaak onder die swart bevolking verander en dit het gelei tot mbaqanga.

**Politieke, sosiale en kulturele agtergrond**
- Die goudmyne het radikale veranderinge in die sosiale strukture gebring
  - Veranderde ekonomiese toestande het swart mans gedwing om werk in die myne te soek, waar hulle in beknopte behuising moes bly.
  - Verskeie etniese groepe is sodoende bymekaargebring.
  - Omdat verskeie etniese groepe opmekaar moes bly het hulle noodgedwonge van mekaar geleer.
- 'n Nuwe sosiale leefwyse het begin ontstaan wat in die musiek van swart mense as 'n geheel begin reflekteer het
  - Omdat mense na die stede verhuis het om werk te soek het Sophiatown ontstaan, waar mense van verskeie rasgroepe gebly het
  - In Sophiatown het verskeie musiekstyle ontwikkel as gevolg van kultuurvermenging
- Die invloed van sendingskole was duidelik:
  - Sendingskole het Westerse kerkmusiek onderrig
  - As gevolg hiervan het die persepsie by sommige groepe ontstaan dat inheemse musiek minderwaardig is
  - Die werkersklas wou musiek hê wat hul stedelike leefwyse reflekteer
  - Kerkliedere het die ontwikkeling van mbaqanga beïnvloed
- Radio propaganda:
  - Is gebruik om Westerse kultuur op gemeenskappe af te dwing
  - Radio het meestal Amerikaanse populêre musiek gespeel
  - Swart kunstenaars moes lirieke aanpas om aan die voorskrifte van die radiostasies te voldoen

**Musiekinvloede**

- Sommige tradisionele instrumente is vervang deur Westerse instrumente, bv. die een-snaar boog wat met die kitaar vervang is.
- Westerse instrumente, bv. saksofoon, elektriese orrel, trekklavier, tromme, elektriese kitaar en elektriese baskitaar het gewild geraak
- Verskillende style van Amerikaanse musiek:
  - Soul musiek – soos deur Aretha Franklin en Percy Sledge gewild gemaak
  - Rock 'n Roll – Chuck Berry
  - The Twist, geassosieer met Afro-Amerikaanse kunstenaars
  - Gospelmusiek en R&B
  - Amerikaanse jazz-musiek is deur die SAUK in die vroeë 1950's uitgesaai
- Kerkmusiek
  - Vierstemmige harmonie in koraalstyl
  - Gesangmelodieë met primêre akkoorde, I-IV-V
- Marabi en kwêla-invloede
  - Gebruik van primêre akkoorde
  - Herhaling van kort harmoniese siklusse
  - Gebruik van kort melodiese riffs
  - Klavier-gebaseerde marabi-klank het die mbaqanga klawerbordklank beïnvloed
  - Penniefluit is deur saxofoon in kwêla vervang
  - Mbaqanga ritmes is afgelei van marabi/tsaba-tsaba

**Kunstenaar/Orkes**

- Simon 'Mahlathini' and the Mahotella Queens
- Soul Brothers

**Liedjie**

- *Melodi Yalla*
- *Wamuhle*

**Voorbeeld van 'n afsluiting**

Dit is duidelik dat mbaqanga ontwikkel het en beïnvloed is deur verskeie faktore wat in Suid-Afrika voorgekom het gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu. Musiek het die voertuig geword waardeur die swart bevolking hul identiteit kon bevestig.

Omdat hierdie musiek uit verskeie bestanddele saamgestel is, kan die eienskappe daarvan ook weerklank vind in die meeste genres van inheemse musiek.

Kopiereg voorbehou

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| **KRITERIA** | **PUNTETOEKENNING** | | |
|---|---|---|---|
| Politieke, sosiale en kulturele agtergrond | | | 5 |
| Musiekinvloede | | | 5 |
| Kunstenaar/Orkes en liedjie | | | 2 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | ***Uitstekend***<br>*'n Inleiding en afsluiting, met 'n substansiële argument as inhoud van die opstel* | *= 3 punte* | 3 |
| | ***Goed***<br>*'n Inleiding en afsluiting, met 'n logiese argument as inhoud van die opstel* | *= 2-2½ punte* | |
| | ***Gemiddeld***<br>*'n Inleiding en afsluiting, met 'n onbenullige argument as inhoud van die opstel* | *= 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld***<br>*Geen duidelike inleiding of afsluiting, met 'n swak argument as inhoud van die opstel* | *= 1 punt* | |
| | ***Swak***<br>*'n Enkel paragraaf: 'n swak poging tot 'n opstel* | *= ½ punt* | |
| | ***Onaanvaarbaar***<br>*Slegs feite puntsgewys.* | *= 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**
**GROOTTOTAAL: 120**

**OF**

## AFDELING D: JAZZ

| |
|---|
| *Nota aan die nasiener: Alhoewel hierdie nasienriglyne puntsgewys is, mag die kandidate die vrae in volsinne beantwoord.* |

## VRAAG 11

11.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (11.1.1 tot 11.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 11.1.6 E.

11.1.1 Watter toonleer word tipies in jazz-musiek gebruik?

**Antwoord:** D Al bogenoemde *1 punt* (1)

11.1.2 Watter instrument is NIE tradisioneel deel van 'n big band nie?

**Antwoord:** A Hobo *1 punt* (1)

11.1.3 Watter stelling definieer poliritme die beste?

**Antwoord:** A Die gelyktydige kombinasie van kontrasterende ritmes *1 punt* (1)

11.1.4 Homofonie is 'n element wat geassosieer word met …

**Antwoord:** B Tekstuur *1 punt* (1)

11.1.5 Watter EEN van die volgende items word NIE met kwêla geassosieer nie?

**Antwoord:** A Bestendige ('straight') ritmes *1 punt* (1)

*5 x 1 = 5*

11.2 Beskryf die volgende terme:

**Antwoord:**

11.2.1 **Sikliese akkoorde**
- ŉ Herhaling van ŉ harmoniese/akkoordprogressie

11.2.2 **Ragtime-ritme**
- ŉ Ritme wat gebaseer is op ŉ gelyktydige kombinasie van ŉ vaste tweeslagmaat (mars-agtige) begeleiding en ŉ gesinkopeerde melodie.

11.2.3 **Swing-ritme**
- Onegalige onderverdeling van agstenote met die sterk maatslag langer as die swak maatslag




*3 x 1* (3)

11.3 Kies TWEE items wat Miriam Makeba se *Lakutshon' ilanga* die beste beskryf:

**Antwoord:**
- Ballade
- Stadige skoffel-agtige ritme

*2 punte* (2)

11.4 Beantwoord die volgende vrae oor die Jazz Epistles:

11.4.1 Noem TWEE lede van hierdie groep en noem die instrument wat ELK bespeel.

**Antwoord:**
Dollar Brand (later Abdullah Ibrahim) – klavier
Hugh Masekela – trompet
Kippie Moeketsi – altsaksofoon
Jonas Gwanga – tromboon
Johnny Gertze – baskitaar
Early Mabuza/Makhaya Ntshoko – tromme

*½ punt per orkeslid en ½ punt vir ooreenstemmende instrument* (2)

11.4.2 Noem die styl van musiek waarvoor die Jazz Epistles bekend geword het.

**Antwoord:** Bebop/Hard bop *1 punt* (1)

11.4.3 Noem die album waarvoor hulle beroemd is en verwys na die belangrikheid daarvan in Suid-Afrikaanse jazz-geskiedenis.

**Antwoord:**
Album: *Jazz Epistle, Verse 1/ Verse 1*
Belangrikheid: Die eerste album van progressiewe jazz wat deur 'n swart Suid-Afrikaanse groep opgeneem is

*2 x 1* (2)

11.5 Lewer kommentaar op die persoonlike klank van Feya Faku se musiek.

**Antwoord:**
- ʼn Moderne, progressiewe styl
- Beïnvloed deur sy kultuur en sy Xhosa erfenis
- ʼn Warm en gevoelvolle klankbeeld
- Fokus op ʼn solo koperblaas (trompet/flügelhorn) klank

*Enige TWEE* (2)

11.6 Kies 'n kenmerk van kwêla in KOLOM B wat by die element in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 11.6.4 H.


**Antwoord:**

| | |
|---|---|
| 11.6.1 | D |
| 11.6.2 | A |
| 11.6.3 | F |

*3 x 1* (3)
**[20]**

**VRAAG 12**

Die volgende uittreksel is deur Abdullah Ibrahim gekomponeer:




12.1 Identifiseer die komposisie.

**Antwoord:**
*Mannenberg* | *1 punt* | (1)

12.2 Verduidelik hoe hierdie uittreksel gebruik word in die stuk wat in VRAAG 12.1 geïdentifiseer is.

**Antwoord:**
- Openings-riff
- Twee-maat melodiese riff (melodiese roep) in ŉ 4-maat frase
- Die uittreksel word vier keer herhaal aan die begin van die werk
- Die riff word deur die hele werk herhaal
- Word eers deur die klavier ingelei
- Nageboots deur saksofone
- Vorm die basis van die komposisie

*Enige VIER* (4)
**[5]**

**VRAAG 13**

Bespreek die oorsprong en instrumentasie van marabi.

**Antwoord:**
**Oorsprong**

- Ontwikkel in die townships rondom die belangrike Suid-Afrikaanse stede gedurende die 1920's en 1930's
- Verstedeliking rondom mynsentrums lei tot die ontwikkeling van krotbuurte
- Musiek reflekteer die manier van lewe in gemeenskappe
- Marabi-danspartytjies sentreer om bierbrouery en hoe om 'n lekker tyd te beleef
- Musiek voorsien die energie vir deurnag shebeenpartytjies
- Gee aan die swart gemeenskappe en werkersklas 'n sin vir identiteit

**Instrumentasie**

- Tradisioneel 'n klawerbord-gebaseerde styl
- Vokale en instrumentale musiek
- Klein instrumentale ensemble:
    - Pedaalorrel/klavier
    - Kitaar, banjo
    - (Selfgemaakte) trom
    - Perkussie/skudkokers/skutters

*Maksimum van DRIE punte per item* **[5]**

**VRAAG 14**

Verduidelik hoe harmonie en ritme in mbaqanga gebruik word.

**Antwoord:**
**Harmonie**
- Sikliese 4-maat harmoniese sekwens
- Akkoordprogressies: I – IV – $I^6{}_4$ – V of I – IV – V – V
- Noue vierstemmige harmonieë (gebaseer op die vokale styl van The Mahotella Queens) – hoofsanger met drie agtergrondsangers
- Parallelle akkoordbeweging

**Ritme**
- Ritme afgelei van gesproke teks
- Herhalende ritmiese en melodiese motiewe
- Dansmusiek wat tradisionele en Westerse musiekelemente kombineer
- Meer voorwaarts-gedrewe polsslag as kwêla
- Polsslag word deur die swaar baslyn gedra
- Die Zulu indlamu polsslag (op tromstel gespeel) verskaf die voorwaartse dryfkrag
- Ritmiese lae (bv. verskillende metrums binne ʼn vaste polsslag) het poliritme tot gevolg
- Meloritme word uitgebreid gebruik
- Die polsslag word altyd gesinchroniseer met dansbewegings

*Maksimum van DRIE punte per item* **[5]**

**VRAAG 15**

The Brotherhood of Breath was 'n big band wat teen die einde van die 1960's deur Chris McGregor gestig is terwyl hy in ballingskap was.

Brei uit op hierdie stelling deur te bespreek hoe hierdie groep beide gekonformeer en afgewyk het van die styl van 'n tradisionele big band. Verwys na styl, instrumentasie en die rol van improvisasie in jou antwoord. Verduidelik hoe hierdie eienskappe in die komposisie Mra gemanifesteer het.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

**Antwoord:**

**Voorbeeld van 'n inleiding**
Chris McGregor het The Brotherhood of Breath in die laat 1960's begin as 'n verlengstuk van sy kleiner groep, The Blue Notes, wat ontbind het. Dit was van die begin af duidelik dat hierdie nuwe groep beide gekonformeer het tot en afgewyk het van die tradisionele Amerikaanse big bands.

**Styl**
- Mengsel van sterk voortgedrewe blues (Charles Mingus) en wilde eksperimentering (Sun Ra)
- Ongebreidelde en hoogs avontuurlike mengsel van Suid-Afrikaanse en Britse jazz
- Vermenging van township riffs, swing en avant-garde
- Beweeg weg van die georganiseerde aspek van big band, met vryheid en aanpasbaarheid in speeltegnieke
- Avant-garde verwerkings, beweeg soms op die rand van atonaliteit
- Klank is baie eksperimenteel vir die tyd en nie bedoel as dansmusiek nie
- Vrye en soepel melodiese lyne
- Gesofistikeerde instrumentale verwerkings
- Hoogs innoverende voordragstyl binne 'n stewige ritmiese verwerking
- Voortgedrewe ritmiese figure
- Toets die grense van 1950's/60's jazz
- Noue wisselwerking tussen koperblasers en houtblasers
- Sy big band styl het 'n nuwe tipe Britse big band musiek geïnspireer

**Instrumentasie**
- Ritme-seksie (tromstel, kitaar, klavier)
- Dinamiese big band ensemble - die aantal blasers het verander na gelang van wie beskikbaar was
- Partye is vir spesifieke spelers geskryf eerder as vir tipe instrumente

**Die rol van improvisasie**
- Improvisasie is ingespan by herhalende motiewe
- Vrye improvisasies negeer dikwels onderliggende akkoordprogressies

***Mra***

- Unieke klank as gevolg van Suid-Afrikaanse invloede:
  - Sikliese harmoniese progressies
  - Opeenvolgende parallelle beweging
  - Herhalende ritmiese patrone
- Mengsel van Suid-Afrikaanse tradisionele musiek en meer progressiewe Amerikaanse bydraes tot jazz
- Mbaqanga en kwêla invloede gekombineer met Afrika-geïnspireerde avant-garde klank
- Die styl is ontwikkel binne die konteks van sosiale bindingskrag tussen Afrika-klanke en -kulture, te midde van die omgewing van vrye jazz, asook deur die betrokkenheid by ’n kwarteeu van Europese jazz-teater
- Invloede van Charles Mingus/Thelonious Monk is duidelik

**Voorbeeld van 'n slot**

Alhoewel Chris McGregor beïnvloed is deur, onder meer, die Amerikaanse big band tradisie, is dit duidelik in die werk *Mra* dat die unieke Suid-Afrikaanse klanke en kleure wat met internasionale tendense van eksperimentele toonkleure en tonaliteit vermeng het, uitgeloop het op 'n individuele Suid-Afrikaanse styl.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

<table>
<tr><th>KRITERIA</th><th colspan="3">PUNTETOEKENNING</th></tr>
<tr><td>Styl</td><td colspan="2" rowspan="4"></td><td>4</td></tr>
<tr><td>Instrumentasie</td><td>2</td></tr>
<tr><td>Die rol van improvisasie</td><td>2</td></tr>
<tr><td>Mra</td><td>4</td></tr>
<tr><td rowspan="6">Logiese aanbieding en struktuur van die opstel</td><td>Uitstekend<br>'n Inleiding en afsluiting, met 'n substansiële argument as inhoud van die opstel</td><td>= 3 punte</td><td rowspan="6">3</td></tr>
<tr><td>Goed<br>'n Inleiding en afsluiting, met 'n logiese argument as inhoud van die opstel</td><td>= 2-2½ punte</td></tr>
<tr><td>Gemiddeld<br>'n Inleiding en afsluiting, met 'n onbenullige argument as inhoud van die opstel</td><td>= 1½ punte</td></tr>
<tr><td>Ondergemiddeld<br>Geen duidelike inleiding of afsluiting, met 'n swak argument as inhoud van die opstel</td><td>= 1 punt</td></tr>
<tr><td>Swak<br>'n Enkel paragraaf: 'n swak poging tot ‘n opstel</td><td>= ½ punt</td></tr>
<tr><td>Onaanvaarbaar<br>Slegs feite puntsgewys.</td><td>= 0 punte</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td colspan="2"></td><td>15</td></tr>
</table>

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 50**
**GROOTTOTAAL: 120**

**OF**

## AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

*Nota aan die nasiener: Alhoewel hierdie nasienriglyne puntsgewys is, mag die kandidate die vrae in volsinne beantwoord.*

### VRAAG 16

16.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (16.1.1 tot 16.1.5) neer, bv. 16.1.6 E.

16.1.1 'n Ander term vir die woord kontrapuntaal is …

**Antwoord:** D Polifonies *1 punt* (1)

16.1.2 Watter EEN van die volgende is 'n voorbeeld van saamgestelde vorm?

**Antwoord:** A Scherzo en trio *1 punt* (1)

16.1.3 Kies die term wat stemming beskryf:

**Antwoord:** A Tranquillo *1 punt* (1)

16.1.4 Watter instrument is NIE deel van 'n strykkwartet nie?

**Antwoord:** B Kontrabas *1 punt* (1)

16.1.5 Transposisie behels ‘n verandering van …

**Antwoord:** A Toonsoort *1 punt* (1)

*5 x 1 = 5*

16.2 Definieer die volgende terme:

**Antwoord:**

16.2.1 **Melodiese sekwens**

- Herhaling van ʼn motief op ʼn hoër of laer toonhoogte in dieselfde stem

*1 punt*
*Indien ‘in dieselfde stem’ ontbreek = ½ punt* (1)

16.2.2 **Trio-ensemble**

- Drie instrumentaliste/sangers tree saam op

*1 punt* (1)

*2 x 1 = 2*

16.3 Kies TWEE terms wat Papageno se aria *Der Vogelfänger bin ich ja*, uit Die Towerfluit deur Mozart, die beste beskryf.

**Antwoord:**
- Giocoso
- Scherzando

*2 punte* (2)

16.4 Beantwoord die volgende vrae oor opera:

16.4.1 Wie was die stigters van opera?

**Antwoord:** Camerata *1 punt* (1)

16.4.2 Noem EEN van die eerste opera-komponiste.

**Antwoord:** Monteverdi**/**Caccini/Peri *Enige EEN* (1)

16.4.3 Noem die land waar hierdie genre ontstaan het.

**Antwoord:** Italië *1 punt* (1)

16.5 Dui die toonsoorte aan van die verskillende seksies van die *Hebrides Ouverture* deur Mendelssohn:

**Antwoord:**

| | | |
|---|---|---|
| 16.5.1 | B mineur | (1) |
| 16.5.2 | D majeur | (1) |
| 16.5.3 | B majeur | (1) |

*3 x 1 = 3*

16.6 Verduidelik die belangrikste verskil tussen *abstrakte musiek* en *programmusiek*.

**Antwoord:**

**Abstrakte musiek** is "musiek om musiek se onthalwe". Genre-tipes is gewoonlik sonate, concerto, simfonie, ens., met tempo-aanduidings, soos Allegro, ens., as titels

**Programmusiek** is gebaseer op buite-musikale idees, het beskrywende titels en kan 'n program (verhaal) bevat wat deur die komponis verskaf word

*2 x 1* (2)

16.7 Beantwoord die volgende vrae oor die menuet en triovorm:

16.7.1 Noem die oorkoepelende vormtipe.

**Antwoord:** Saamgestelde drieledige vorm *1 punt* (1)

16.7.2 Wat is die toonsoortverwantskap tussen die menuet en die trio?


**Antwoord:**

- Die menuet begin en eindig in die tonikatoonsoort
- Die trio is in 'n verwante toonsoort
- Voorbeelde van verwante toonsoorte: dominant of verwante majeur of mineur, of parallelle majeur of mineur

*2 x 1* (2)
**[20]**

## VRAAG 17

Die volgende uittreksel word deur Tamino in *Die Towerfluit* deur Mozart gesing:




17.1 Gee die titel van die aria.

**Antwoord:**
*Dies Bildnis ist bezaubernd schön* (This image/portrait is enchantingly beautiful) (Hierdie afbeelding is betowerend mooi)

*1 punt* (1)

17.2 Verduidelik hoe die spesifieke stemming deur die musikale kenmerke van hierdie aria geskep word.

**Antwoord:**
- Die vereiste liriese kwaliteit van die tenoorstem vir hierdie aria skep ŉ gevoel van versugting en beeld Tamino se heroïese karakter uit
- Die opwaartse sprong van ŉ sesde in die eerste maat dui ŉ emosionele opwelling van liefde aan
- Die dalende kontoer van die openingsfrase, wat in ‘n dalende sekwens herhaal word, versterk die stemming van verlange
- Die yl orkesbegeleiding aan die begin (wat baie rustekens bevat) ontwikkel na ŉ voller tekstuur in die gewigtiger passasies, en dit reflekteer die karakter se verhoogde vlakke van emosie
- Die teerheid van liefde word voorgestel deur klarinette wat in tertse speel, net soos verliefdes wat gesinchroniseerd beweeg
- Stadige, teer melodieë in die vokale lyn en begeleiding wat appogiaturas, opwaartse spronge, legato artikulasie en sagte dinamiese vlakke insluit, skep ŉ gevoel van warmte en verlange
- Die stadige harmoniese ritme verhoog ŉ peinsende stemming
- Intimiteit word gesuggereer deur intervalle wat meestal in klein spronge beweeg

*Enige VIER* (4)
**[5]**

**VRAAG 18**

Bespreek die oorsprong en orkestrasie van die *Hebrides Ouverture* deur Mendelssohn.

**Antwoord:**
**Oorsprong**
- Geïnspireer deur ŉ bootrit na Fingal se Grot op die eiland Staffa, naby die kus van Skotland
- Hy het sy emosionele ervaring in ŉ brief aan sy suster beskryf en die openingsmate van die ouverture daarin genoteer
- Die werk het verskillende werkstitels gehad voordat dit uiteindelik as *Fingal se Grot* en *Die Hebrides* bekend geword het, onder meer *The Lonely Island* en *The Isle of Fingal*

**Orkestrasie**
- Gebruik standaard klassieke orkes
- Mendelssohn het verskillende kombinasies van instrumente verken om sodoende die stemming van die werk te verklank
- Mendelssohn het die timbre van die standaard klassieke orkes uitgebrei om die klanke van die seelandskap op te roep

*Maksimum van DRIE punte per item* **[5]**

**VRAAG 19**

Vergelyk Mozart se ouverture tot *Die Towerfluit* met Mendelssohn se *Hebrides Ouverture*. Verwys na konteks en vorm.

**Antwoord:**
**Konteks**
- Mozart se ouverture is die openingswerk van die opera terwyl Mendelssohn se ouverture ŉ onafhanklike, losstaande werk is
- Mozart se ouverture is tipies van die Klassieke stylperiode terwyl Mendelssohn se ouverture ŉ genre is wat in die Romantiek ontstaan het

**Vorm**
- Mozart se ouverture begin met ŉ stadige inleiding, gevolg deur sonatevorm en ŉ koda, terwyl Mendelssohn se ouverture ŉ konsert-ouverture in sonatevorm met ŉ uitgebreide koda is
- Beide genres is gewoonlik in sonatevorm
- Beide ouvertures is enkel-beweging werke

*Verskille = 2 x 2*
*Ooreenkomste = 1 punt*
*Ten minste EEN verskil vir konteks en EEN vir vorm* **[5]**

**VRAAG 20**

Beethoven se *Simfonie Nr. 6 in F majeur Op. 68* volg nie die model van 'n tipiese Klassieke simfonie nie.

Brei uit op hierdie stelling en bespreek Beethoven se bydrae tot die ontwikkeling van die simfonie. Verwys na vorm en struktuur, orkestrasie en programmatiese kenmerke.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

**Antwoord:**

**Voorbeeld van 'n inleiding**

Beethoven was beide tradisioneel en onkonvensioneel toe hy sy *Simfonie Nr. 6 in F majeur Op. 68* gekomponeer het. Hy het die beginsels wat deur die komponiste van die Mannheim-skool sowel as deur Joseph Haydn ontwikkel is, toegepas en het dit ook verder aangepas om die programmatiese aard van die *Pastorale Simfonie* te ondersteun.

**Vorm en struktuur**

- Beethoven het die tydsduur van die simfonie langer gemaak:
  - Hy het 'n beweging bygevoeg om 'n vyf-beweging werk te skep
  - Hy het die koda uitgebrei wat byna 'n tweede ontwikkeling geskep het
- Die ekstra beweging is tussen die tradisionele derde en vierde bewegings ingevoeg
- Die laaste drie bewegings is aaneenlopend
- Interne vormtipes is verander:
  - Tweede beweging: konvensionele drieledige vorm is vervang met sonatevorm
  - Derde beweging: menuet en trio is vervang met ŉ scherzo en trio
  - Vierde beweging: sluit episodiese/vrye vorm in

**Orkestrasie**

- Beethoven gebruik die standaard Klassieke orkes, maar voeg instrumente by om toonkleur/timbre uit te brei
  - Voeg twee trombone en ŉ piccolo by
  - Trombone verleen gewigtigheid en die piccolo verhoog die spanning vir dramatiese effek in die vierde beweging: *Storm*
- Beethoven brei die omvang van die orkes en moeilikheidsgraad van die orkespartye uit
- Hy skryf verskillende partye vir die kontrabasse en tjello's

**Programmatiese eienskappe**

- Bevat programmatiese elemente, bv.
  - Die vierde beweging stel ŉ donderstorm voor
  - Die vyfde beweging is ŉ klanksket van ŉ landelike toneel na die reën
- Titel van Beethoven se simfonie: *Pastorale Simfonie - Simfonie Nr. 6 in F majeur Op. 68*
- Elke beweging het ŉ titel, bv.:
  - Vierde beweging: *Storm*
  - Vyfde beweging: *Herderslied: vrolike en dankbare gevoelens na 'n storm*

**Voorbeeld van 'n slot**
Beethoven het beide gekonformeer aan en afgewyk van die beginsels en struktuur van die standaard Klassieke simfonie, en het op hierdie manier die weg gebaan vir die Romantiese simfonie.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| Vorm en struktuur | | | 4 |
| Orkestrasie | | | 4 |
| Programmatiese eienskappe | | | 4 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | ***Uitstekend***<br>*'n Inleiding en afsluiting, met 'n substansiële argument as inhoud van die opstel* | *= 3 punte* | 3 |
| | ***Goed***<br>*'n Inleiding en afsluiting, met 'n logiese argument as inhoud van die opstel* | *= 2-2½ punte* | |
| | ***Gemiddeld***<br>*'n Inleiding en afsluiting, met 'n onbenullige argument as inhoud van die opstel* | *= 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld***<br>*Geen duidelike inleiding of afsluiting, met 'n swak argument as inhoud van die opstel* | *= 1 punt* | |
| | ***Swak***<br>*'n Enkel paragraaf: 'n swak poging tot 'n opstel* | *= ½ punt* | |
| | ***Onaanvaarbaar***<br>*Slegs feite puntsgewys.* | *= 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING E: 50**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou